

**Woensdag 13 Julie**

**Skrifgedeelte: Lukas 5:27-32**

**Fokusgedeelte: Lukas 5:32**

**Elke gelowige het 'n verlede en elke sondaar het 'n toekoms**

Jesus ontstig die Fariseërs wanneer Hy aandui dat daar nie goeie mense en slegte mense is nie – slegs hulle wat weet dat hulle sleg is en dié wat nie weet nie. Die skrifgeleerdes en Fariseërs sien Levi en sy vriende as veroordeelde sondaars, maar Jesus sien hulle as geestelike siek “pasiënte” wat die hulp van 'n dokter nodig het. Jesus bied ware vergifnis wanneer daar ware besef van sonde is. Hierdie roeping van Levi is 'n wonder van Jesus se genade. Hy roep 'n tollenaar om sy dissipel en volgeling te wees. Dat Hy arm vissermanne, van die laagste rang in die gemeenskap, vereer het en as dissipels geroep het, getuig reeds van die wonder van sy genade. Maar meer oorweldigend is wanneer Hy 'n tollenaar roep. Tollenaars het die swakste reputasie in die gemeenskap gehad. “Jesus het Homself verneder deur die gestalte van 'n slaaf aan te neem en aan mense gelyk te word” (Fil. 2:7).

Die wonder van Jesus se genade word verder geopenbaar daarin dat Levi onmiddellik op Jesus se roeping reageer. Hy los 'n lewe waarin hy alles tot sy voordeel gehad het, en volg Jesus. Die Woord van die Here is skeppingsmagting en geen hart is te hard om deur die Heilige Gees verander te word nie. Die wonder van Jesus se genade sien ons verder as Hy bereid is om saam met die ander tollenaars te eet. Hierin beklemtoon Hy hoekom Hy gekom het – om sondaars tot bekering te bring. Hy is die Geneesheer wat vir die geestelik siekes gekom het.

Is ons 'n kanaal waardeur hierdie wonder van God se genade in Jesus Christus deurvloei na hulle wat geestelik arm, blind, naak en siek is? Onthou die blye boodskap is vir armes, gevangenes, blindes en onderdruktes (Jes. 61:1, 2).

*Sing: Skrifberyming 3-3:1, 2, 6*

*Dr. TC de Klerk (Theuns) (emeritus)*